

Wanneer liefde 'n werkwoord word

Hulle was 'n hegte gesin, maar 'n onverwagte hartoperasie en beroerte het hulle nog nader aan mekaar gebring, skryf die skrywer **Riette Rust** oor die 'moeilikste maar verrykendste tyd van hul lewe'



“**D** is 'n hárde slag toe my man, JD, die leer mistrap en hard met sy bors teen die wingerdprieel val.

'Gebreekte ribbes herstel vanself,' sê hy ewe. Maar mettertyd vererger die pyn. Toe hy sukkel om behoorlik asem te haal, is X-strale al uitweg.

'Niks het gebreek nie, maar my hart lyk vergroot,' kondig hy op 'n dag in September/Oktober verlede jaar aan.

En só begin die moeilikste, maar verrykendste tyd van ons lewe.

Ná nog skanderings en sonars hoor ons JD het 'n lekkende hartklep én 'n uiters vergrote aorta. Die oorsaak is onbekend. Hoë bloeddruk, in 'n mate geneties, kon die lekkende hartklep veroorsaak het. Sy aorta kon vergroot het om hiervoor te kompenseer, is een verklaring.

Feit is: Die meeste mense oorleef dit nie. Die aorta bars gewoonlik onverwags en jy sak eenvoudig inmekaar.

Om sy hartklep met titanium te vervang en sy aorta te stut 'is 'n massiewe operasie', volgens die kardiotorakale chirurg. Die aorta-deel word maar enkele kere per jaar uitgevoer. En JD sal dit nie noodwendig oorleef nie, sê hy ook.

Ons hoor weinig verder.

Ná die versekering dat hy nie vandag of môre al ineen sal stort nie, besluit JD om die operasie eers oor 'n maand – 11 November 2015 – te ondergaan. 'Sodat ek myself sielkundig kan voorberei.' En werk- en verlofreëlings kan tref. (JD is 'n regs-konsultant.)

Hoe deel ek die nuus met ons kinders? Hul pa was nog altyd die spilpunt waarom Zahn (29) en Cara (24) se lewe gedraai het. Uiteindelik vertel ek hulle, maar onderspeel die erns van die operasie.

Snags wonder ek hoe ons sonder JD sal kan aangaan. Hy lê ook wakker. My angs neem toe toe hy 'n vriend vra om my ná sy dood met allerhande sake by te staan.

Talle toetse lê voor om seker te maak daar's nêrens infeksie nie.

Die aand voor die operasie vra ek die kinders om tog vrolik te probeer wees. JD moenie nog oor ons ook bekommerd wees nie. Maar ons glimlagte verdwyn toe die spesialis voor die kinders sê die dood is 'n groot moontlikheid.

Hoe groet ons Pappa vir die laaste keer? vra hulle my in die hospitaalgang. 'Hy sál hierdeur kom,' sê ek.

'Ons kon nie vir 'n beter hartspan gevra het nie,' verseker ek JD. Maar voor die teaterdeur oorrumpel twyfel en vrees my. Dit voel of ek inmekaar kan sak.

Die operasie duur gewoonlik tussen ses en agt uur. Ek verwag die chirurg se oproep teen eenuur die middag.

Dis doodstil tuis. Ek lees bemoedigende boodskappe. Ek en die kinders drink tee en huil. Teen halfen stap ons op en af.

'Alles het volgens beplanning verloop,' sê die chirurg om

presies eenuur. Wat 'n reuse-verligting! Die eerste 48 uur is krities, verduidelik hy ook. Infeksie en bloeding is groot gevare.

JD lê wasbleek en bewusteloos in die intensiewe eenheid, dié man wat so graag kook en lag. Dis net monitors en pype. Sy 'nuwe' hart moet rus voor hy bygebring word. Uit elke oog loop 'n onverklaarbare traan. Zahn huil buite en Cara word flou. Ek is naar.

'You gave us a helluva fright, today,' sê 'n verpleër twee aande later vir JD.

'What do you mean?' vra ek. Hulle het glo 'verskriklik gesukkel' om hom by te bring. Hy kon dood gewees het!

Ek is só dankbaar om sy stem te hoor. Al is dit flou.

Depressie, wat sinoniem met opehartoperasies is, tref hom érg. Die operasie is ingrypend, ja, maar jy word ook met jou eie sterflikheid gekonfronteer. Elke ander geopereerde wat die waaksaal binnegestoot word, ontstel hom. Dis asof hy deur hul oë na homself kyk. Hy huil oor elke klein dingetjie. Sielkundige hulp is nodig en hy word ook uit die waaksaal geskuif.

Daar raak sy hart byna dadelik lewensbedreigend vinnig aan die klop. Terug in die waakeenheid neem 'n span spesialiste hom suksesvol onder hande.

Later word 'n abnormale hartritme gediagnoseer. Rus en medikasie tuis kan dalk help. Ek bestuur sy pilregiment soos 'n sersant en sorg dat hy baie slaap. Sy hartritme herstel sowaar! JD is so dankbaar, hy begin sommer weer kook. Spesialiste noem hom 'n lopende wonderwerk.

Maar op 7 Desember tydens middagete voel hy 'glad nie lekker nie'. Ek bel die chirurg en lys die simptome:

aangetaste spraak, swak balans, braking . . .

Ek en my huishulp, Susanna Williams, sukkel om dié swaar man – wat toe glád nie meer kon loop nie – in die motor te kry. Ek laat JD val en val bo-op hom. Sy hart! Die chirurg bel weer. 'Waar bly julle?'

Toe is dit asof 'n groot Krag ons help. Só red ek en Sanna sy lewe, hoor ons later.

JD weier die veiligheidsgordel en val heeltyd op my. Terwyl ek die stuurwiel met my regterhand vashou, probeer ek hom met my ander hand regop hou.

Toetse dui aan dat bloedklontjies wat tydens sy operasie losgekrom het deur sy breinstam is; daar waar balans en gehoor gesetel is. (Beroerte kan 'n komplikasie van enige operasie wees.) 'n Nog hoër dosis bloedverdunner – vir die nuwe klep en om beroerte te help voorkom – sou tot bloeding kon lei.

JD is aan die regterkant verlam. Sy mond en oog hang. Hy sien dubbel, is doof in sy regteroor en tinnitus laat sy linkeroor suis. Maar die prognose is goed. En dít deel ek met die kinders.

Intussen is hy hoogs verveeld en gefrustreerd. Lees, TV >

**Die belangrikste
is dat my man my
vir die eerste keer
toelaat om tot binne-
in sy hart te kyk**

Riette Rust



LINKS Op Prins Albert toe JD nog gesond was. Zahn is links en Cara naaslinks. **ONDER** Ek en JD in Maart by die Woordfees op Stellenbosch. Die eerste geselligheid wat hy ná sy siekte bygewoon het.

< kyk of musiek luister is uit.

Wanneer hy self probeer water drink, kap hy die glas hard teen sy voorkop.

'n Arbeidsterapeut leer hom soos 'n kind weer skryf en 'n fisioterapeut help hom met balansoefeninge. Later sit hy regop en nog later staan hy. Maar niemand weet of hy ooit weer sal kan loop nie.

Eers uit die waaksaal, stoot ek hom in sy rolstoel kafeteria en tuin se kant toe. Hy geniet dit, maar sy moed breek oor sy doofheid en die gesuis in sy oor. Sy oë en gesig herstel en ek herinner hom daaglik aan sy vordering.

'Probeer om binne 'n week 'n tree op jou eie te gee,' sê ek.

Enkele dae later probeer hy uit sy rolstoel opstaan. Hy val, reg bo-oor die klipharde bedstyl. Sy hart! 'Ek's oukei, ek gaan nog baie val,' sê my dapper man.

Omdat sy koördinasie so swak is, skeer ek hom. Ek leer hoe om sy hare binne-in die hospitaalbed te was.

Tuis verbeter my kook- en braaivaardighede. Maar maklik is dit nie om die alleenverantwoordelikheid vir huis en haard te dra nie. Die kinders steun swaar op my.

JD het nie aldag lus vir oefen nie, dan deel ek maar motiverende verhale van herstel. Saans is ek so moeg, my trane drup in my kos. Wanneer ek moed verloor, dra ander se bemoedigende boodskappe my. Dis ook asof jy spesiale krag in sulke tye ontvang.

Ek besef hóé kosbaar elke oomblik is en besluit om myself voortaan net met positiewe, liefdevolle mense te omring.

Elke klein vordering motiveer ons. Toe JD binne 'n week wel sy eerste tree alleen gee, is ek meer ekstaties as toe my kinders begin loop het!

Hy kom sonder rolstoel tuis. Gou waag hy dit om sonder hulp te loop, al val hy teen die gangmuur. Weens sy gebrekkige koördinasie laat val hy 'n paar glase en borde. Maar dit pla ons nie.

Ek skeer hom, bad hom en droog hom af. 'Dit móét liefde wees,' sê hy later.

Gou moedig ek hom aan om self te skeer en verpleeg dan maar die wonde. Later kry hy dit reg om self te bad.

Ek ry hom aan vir bloedoetse, fisio- en arbeidsterapie. Ook sielkundige en psigiater toe. Uiteindelik stap hy byna normaal en lig sy gemoed.

Maar sy afhanklikheid frustreer hom en ek besluit dis tyd vir bestuur. Hy bly te links ry, 'want ek is bang vir die ander motors'. Ek vlieg drie keer byna deur die voorruit, so skielik trap hy rem. Hy kan nog nie die pedaal voel nie. Dis 'n proses, maar uiteindelik bestuur hy reg.

JD begin stadig maar seker tuis werk, maar dit sukkel want sy selfvertroue is weg. Hy's angstig en ek moet hom byna elke



aand iewers anders heen vergesel. Dis asof hy van sy fisieke probleme en bekommernisse oor ons toekoms wil vlug. Die sielkundige sê hy verwerk nou eers die beeld van homself in die doodskis.

Al pyn my hart vir JD, moedig ek hom aan om sy eerste vergadering by te woon. Hy is angsbevange en loop ná 'n halfuur uit. 'Ek voel benoud en sukkel om te hoor,' sê hy moedeloos. Tyd vir *tough love*. 'Gaan probeer net. Die stimulasie is goed vir jou brein. Jy is ook nie een wat tuis kan sit nie,' sê ek. En hy doen dit!

Spesialiste bepaal eers ná 'n jaar watter skade blywend is, maar tans lyk dit asof JD se gehoor en regterhand aangetas sal bly. 'n Gehoorapparaat kan waarskynlik help, ook met tinnitus en sy balans. Ons kyk maar. En wat daarvan as sy handtekening nooit weer perfek is nie?

Sy hartoperasie was die grootste een wat verlede jaar in 'n Kaapse hospitaal gedoen is. Sal ek weer hierdeur gaan as ek alles weet? Absoluut. Want ons verhouding én ons gesin is nou van rots. JD het van 'n opgeëer in 'n vasbyter verander. Hy maak nie meer 'n bohaai oor klein dingetjies of verwag dat alles tuis perfek moet wees nie. Daarby het hy veel meer empatie en waardeer hy my en die kinders meer as ooit. En ons vir hom. Sy dankbaarheid is voedsel vir die pad vorentoe.

Wonderwerke gebeur wanneer liefde 'n werkwoord word, weet ek nou. Veral as jy dit met geloof kombineer. Maar die belangrikste is dat JD my vir die eerste keer toelaat om tot binne-in sy hart te kyk.

En wat ek daar sien, is beeldskoon.



■